Opoffering is nie slegs tot die godsdiens beperk nie; dit was nooit. Die mens was altyd gereed om vir verskillende ideale opoffering te maak. Hulle is gewillig om te ly ten einde hierdie ideale te verwesenlik. Maar nie een van daardie ideale kan vergelyk word met die waarvoor die Christen werk nie: sy doelwit oortref alle ander mikpunte, en sy gewilligheid om op te offer behoort ook in proporsie groter te wees. Veral behoort dit die geval te wees in hierdie tydperk van die wêreld se geskiedenis waarin Sewende-dag Adventiste glo dat hulle nou lewe.

Geen ander tydperk het nog ooit sulke ywer vereis nie. Die een krisis volg op die ander; dit veroorsaak baie hoofbrekens aan die leiers van die volke en groot probleme vir diegene wat verantwoordelik is vir die uitbreiding van die koninkryk van God. Hierdie krisisse van die afgelope jare enveral van die afgelope paar maande het mekaar so vinnig opgevolg dat ons voel dat ons groter ywer aan die dag moet lê namate die dae verbygaan. Hoe kan dit ook anders wees met diegene wat „die dag sien naderkom”? Waar ons dus weer 'n ander Week van Opoffering tegemoet gaan, glo ons dat dit nog groter byval sal vind as in enige vorige jaar. Dit is ons bede tot God en ons versoek aan u dat dit die geval mag wees. Ons versoek werkers sowel as lede om saam te werk in hierdie opsig. Waar u in die verlede 'n week se inkomste gegee het, doen dit weer hierdie jaar, en probeer andere oor te haal om dit ook te doen. Watter aansienlike somsal gevolglik beskikbaar wees om die koms van die Here te verhaas as elke gelowige 'n week se inkomste sal stort aan die Week van Opoffering Fonds!

Laat ons as Sewende-dag Adventiste met ons ganse hart streef om die doel-

witte wat die denominasie stel te bereik, en laat ons dan ook met alle vertroue hoop om te deel in die beloning.

* * *

'n Ruiling!

TOE Jesus hier op aarde was het Hy gesê, „*Dit is saliger om te gee as om te ontvang.*” Hierdie verklaring het uit Sy eie ondervinding gevloei. Hy het Sy heerlike woning in die hemel verlaat om op hierdie deur sonde vervloekte aarde te kom woon — die enigste wêreld, en die kleinste in die ganse heelal, wat in die hande van die vyand gevall het.

Hy het kom woon onder 'n volk wat in hul verlore toestand vergelyk word met die vreeslike kwaal van melaatsheid. Net soos die melaatse in die dae van Christus uitgesluit was uit die samelewings sodat hulle nie ander mag aansteek nie, so ook was hierdie wêreld en sy bewoners afgesondert van die heelal. Maar ten spyte hiervan was Jesus gewillig om die hemel te verlaat en onder die mense te kom woon ten einde hul kwale te genees en dit weer moontlik te maak vir ons om met die andere in die heelal gemeenskap te hé.

Van die tyd af dat sonde in die wêreld gekom het is die hemel besig om aan ons te gee. Eers het God die Vader Sy eniggebore Seun gegee. Toe het die Seun weer Sy lewe gegee as losprys van die sonde. Hoewel die Seun na die hemel teruggegaan het om ons sake waar te neem, het God nogtans Sy Heilige Gees gegee om in die harte van die mense te woon om ons swakhede te help te kom.

En benewens dit alles het ons hemelse Vader die ontelbare engels gegee om in belang van die mens te werk. „*Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word terwille van die wat die saligheid sal beérwe nie?*” Heb. 1:14.

Ons kan nie alles opnoem wat God gegee het, en nog daeliks *gee* aan die menslike geslag nie.

Gee beteken opoffering. Toe God Sy Seun aan hierdie wêreld gegee het, het Hy Sy kostelikste gawe gegee. Hy het alles gegee wat Hy gehad het. Toe Jesus Homself vir ons gegee het, het Hy die hemel en al die rykdom daarvan opgegee. Wanneer ons tot die plek kom waar ons gewillig is om te gee soos God gegee het, sal dit ware opoffering beteken.

„*Die fondament van die verlossingsplan was in opoffering gelê.* Jesus het die koninklike paleise verlaat en arm geword, dat ons deur Sy armoede kon ryk gemaak word. Almal wat deel het in hierdie verlossing wat teen sulke oneindige opoffering deur die Seun van God vir hulle verwerf is, sal die goddelike voorbeeld volg... Die lewe van Christus op aarde was onbaatsugtig; dit was gekenmerk deur vernedering en opoffering. En sal mense wat deel het aan die groot verlossing wat Jesus vir hulle verwerf het, weier om hul Here te volg en te deel in Sy selfverloëning en opoffering?”—„*Testimonies,*” Deel. III, bls. 387.

„Die ewige lewe is van oneindige waarde en sal alles kos wat ons besit. Aan my was getoou dat ons nie genoeg waarde het aan ewige dinge nie. Alles wat die moeite werd is om te hê, selfs in hierdie wêreld kos inspanning, en soms dure opoffering. En dit slegs om 'n skat te verkry wat sal vergaan. Sal ons minder gewillig wees om te stry en te werk, om ernstige pogings aan te wind en groot opofferings te maak om 'n Skat te verwerf van oneindige waarde, en 'n lewe wat sal gelykstaan met die ewige? Kan die hemel vir ons te veel kos?”—*Testimonies*, Deel III, bls. 255.

Opoffering beteken om „op te offer vir iets.” Ek is bevrees dat ons soms geneig is om opoffering te beskou as *iets gee vir niks*. Toe ons Heiland die heerlikheid wat Hy by die Vader gehad het opgeoffer het, het Hy in plek daarvan „ons krankhede en ons smarte” ontvang, want ons lees in Jes. 53:4, 5: „Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte. . . . Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, terwille van ons onge rechtighede is Hy verbrys; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonder het daar vir ons genesing gekom.”

As ons Sy lyding vergelyk met wat Hy in die hemel gehad het, dan kan ons waarskynlik sê dat Hy *niks ontvang* het vir al Sy opoffering nie. Ek is egter bly dat Hy in die nabye toekoms Sy loon sal ontvang waarvan ons as volg lees: „Wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het.” Heb. 12:2. „As Sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy sy nakroos sien. . . . Weens die moeitevolle arbeid van Sy siel sal Hy dit sien en versadig word.” Jes. 53:10, 11.

Geagte mede-gelowige waar ons gehoor gee aan die oproepe in hierdie uitgawe van die OUTLOOK in verband met die Week van Opoffering, laat ons nie daaraan dink as „iets gee vir niks” nie, of as 'n opoffering nie want, „Ons word nooit versoek om 'n ware opoffering vir die Here te maak nie. Hy vra dat ons baie dinge aan Hom sal oorgee, maar daardeur gee ons maar net dinge op wat ons hinder op ons reis na die hemel. Al word ons ook versoek om dinge op te gee wat op sigself heeltemal goed is, dan kan ons verseker wees dat dit vir ons eie beswil is.”—*Ministry of Healing*, bls. 473, 474.

Hoewel ons ons middele en onself gee vir die diens van God moet ons altyd onthou dat ons vir onself skatte in die hemel weg lê waar daar vir ons pragtige wonings berei word. Waar die Apostel Paulus uit die profeet Jesaja aanhaal sê hy: „Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei vir die wat Hom liefhet.” 1 Kor. 2:9.

„Christus bied altyd iets beter aan in die plek van die dinge wat Hy ons vra om op te gee.”—*Education*, bls. 296.

„Wanneer ons die een sien wat 'geheel-en-al lieflik' is, dan word ons pligte 'n plesier en opoffering 'n vreugde.”—*Education*, bls. 297.

Mag dit die ondervinding van almal wees gedurende die aanstaande Week van Opoffering.

D. A. W.

Is Daar ook Plek vir My?

H. M. SPARROW

So baiemaal as dit tyd is vir die Week van Opoffering wens ons dat dit nie so dikwels sal kom nie. Die tyd gaan so vinnig verby dat mens byna nie kan besef dat daar 'n jaar verbygegaan het vandat ons laas gegee het nie.

Dit is moontlik dat ons miskien nie 'n hele week se salaris in een maand kan gee nie, maar ons kan dit oor twee maande versprei. Ons hoofdoel behoort te wees om die „opoffering” te maak. As ons uit ons oorvloed gee dan sal dit nie „opoffering” wees nie. „Versamel My gunsgenote vir My, hulle wat My verbond by die offer maak.” „Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste.” Ps. 50:5, 15.

Ons mag sê, Wel, dis maklik genoeg vir die man wat 'n salaris trek om dit te doen, maar hoe kan ek? Ek kweek katoen, of hawer, of ek het 'n melkery, of die een of ander fabriek. As u die bedrag sal neem wat u in 'n jaar verdien en dit met twee-en-vyftig deel, sal u presies weet hoeveel om te gee. Moontlik sal dit nodig wees om u gemiddelde inkomste oor die afgelope drie jaar te neem om die regte bedrag uit te werk. Een ding is seker, dit sal op 'n sekere bedrag uitwerk, en sommige van u sal verbaas staan oor die bedrag.

As elke werker en leek getrou is sal daar gedurende hierdie Week van Opoffering 'n groot som in die skatkis gestort word.

Ons hoop dat geen werker of leek sy plig sal versuim en nalaat om een week se salaris te gee nie.

Daar is 'n verhaal van 'n vrou in China wat 'n aanhanger van die godin van vuur was. Sy het tweeling doogertjies gehad; die een was fris en gesond, en die ander een was tengerig en sieklik. Op 'n sekere dag moes die moeder 'n offer bring aan die godin wat rooi-warm gemaak was. Op weg na die tempel het die vrou 'n sendeling ontmoet. Toe hy haar met die twee kinders sien, en wetende dat sy een sou offer, het die sendeling gesê, „Jy sal seker die siek kind offer.” Daarop het die moeder geantwoord, „Mnr. ek moet my beste aan my godin gee.” Liewe vriende, sal ons minder vir ons Here oor hê? Hy vra op die oomblik nie om u lewe nie, maar Hy vra om 'n deel van u middele.

Die volgende aanhaling uit die Gees van profesie gee ons stof om oor na te dink:

„As u nie gewillig is om op te offer sodat daar middele kan wees vir die werk wat moet gedoen word nie, sal daar vir u geen plek in die koninkryk van God wees nie.”—Deel IX, bls. 103.

Mag die Here die offergawes van Sy volk seën, want „waar u skat is, daar sal ook u hart wees.”

Niemand Word Gedwing om Opofferings te Maak nie

„DIE lyding van Jesus en Sy oneindige liefde wat Hom beweeg om Sy lewe vir die mens te gee, was weer aan my voor gehou; asook die lewens van diegene wat bemiddeld is en wat voorgee om navolgers van Hom te wees, maar wat dit as 'n te groot opoffering beskou om in belang van die saligheid hulp te verleen. Die engel het gesê, ‚Kan sulkes hemel-toe gaan? 'n Ander engel het geantwoord, ‚Nee, nimmer, nimmer. Diegene wat geen belang stel in die saak van God op aarde kan nooit die lied van verlossende liefde daarbo sing nie.' Die magtige skudding het begin en sal aanhou, en almal sal uitgeskud word wat nie gewillig is om manmoedig en onwrikbaar vir die waarheid te staan nie, en op te offer vir God en Sy saak nie. Die engel het gesê, ‚Dink jy dat enigeen gedwing sal word om opofferings te maak? Nee, nee. Die offergawe moet vrywillig geskied. Dit sal alles neem om die saailand te hoop.”—*Early Writings*, bls. 50, 51.

Die Voorbeeld van die Apostel Paulus

„Die Apostel Paulus gee ook 'n voorbeeld aan sy broeders wat arbeid veredel en die waardigheid daarvan verhoog. As ons onbering moet verdru in die saak van Christus, laat ons dan in die gees 'n besoek bring aan die werkinkel van die Apostel Paulus, en laat ons onthou dat terwyl hierdie uitgelese man van God met sy seildoek besig was, hy vir brood gewerk het wat hy eerlik verdien het as 'n apostel van Jesus Christus. Wanneer plig dit vereis het, het hierdie groot apostel sy werk opsy gesit om die kwaaiaste teenstanders te ontmoet, en hul grootpraterij te stop om dan weer sy nederige werk te hervat. Sy bedrywigheid op godsdienslike gebied is 'n bestrafting vir die traagheid van sommige van ons predikante. Wanneer hulle die kans het om vir hul eie onderhoud te werk moet hulle dit met blymoedigheid doen.”—*Testimonies*, Deel IV, bls. 410.

Dis Gevaarlik om Opoffering uit te Stel

„Die engel het gesê, ‚Die verwoesting kom soos 'n magtige rukwind.' Ek het die engel gesmeek om diegene wat hierdie wêreld liefhet genadig te wees—diegene wat geheg is aan hul besittings en wat nie gewillig is om dit op te gee en op te offer om die boodskappers met alle spoed te stuur om die hongerige skape te voed wat beswyk weens gebrek aan geestelike voedsel.

„Toe daar namens die saak van God 'n beroep op hulle gemaak was vir 'n deel van hul besittings, het ek gesien dat hulle, soos die jongman wat na Christus gekom het (Matt. 19:16-22), bedroef weggegaan het; dat die vloek eerlank al hul goed sou wegvaag, en dat dit dan te laat sou wees om opofferings te maak en skatte in die hemel weg te lê.”—*Early Writings*, bls. 49.

Opofering Verryk die Gewer

Drie jaar lank het Hy van plek tot plek gereis, 'n swerwer sonder tuiste. Maar selfsugtige manne sal treur en murmurere as hulle hul aardse besittings vir Christus sou moet opgee, of moet gaan arbei vir die redding van siele vir wie Hy Sy dierbare lewe gegee het. . O, watter ondankbaarheid! Niemand kan die seëninge van verlossing reg waardeer tensy hy gewillig is om blymoedig alles op te offer vir die liefde van Christus. Elke oopoffering wat vir Christus gemaak word verryk die gewer, en elke ontbering wat om Sy ont-wil verduur word sal die oorwinnar se uiteindelike vreugde in die hemel vermeerder."—*"Testimonies," Deel IV, bls. 219.*

* * *

Komiteevergadering van die Sambesi Unie

[Hoewel die Sambesi Unie hul vergadering reeds in Desember 1935 gehad het, neem ons die volgende verslag oor uit die "Zambesi Union Missionary" van verlede Februarie.—D.A.W.]

VERSLAG VAN DIE SEKRETARIS

J. I. ROBISON

Die jaar 1935 is die veertigste jaar wat ons in die Sambesi Unie sendingwerk verrig. Dit is goed om op hierdie tydstip vir 'n oomblikkie stil te staan en terug te kyk op wat God gedoen het. Met Moses kan ons sê, „Die Here jou God het jou gesêen in al die werk van jou hand; Hy ken jou trek deur hierdie groot woestyn; nou veertig jaar lank was die Here jou God met jou; geen ding het jou ontbreek nie.” Deut. 2:7.

Veertig jaar gelede het die baanbrekers van die groot leer van Sewende-dag Adventiste sendelinge op hierdie selfde plek die eerste buitapos van die Adventiste boodskap in die hele wêreld gestig. Hier op hierdie heilige plek het die Here, deur oopoffering en onbering, werk begin onder die heidene wat destyds in die bande van duisternis en bygeloof was—'n werk wat oor die ganse wêreld versprei het en vreugde en vrede gebring het aan duisende in alle lande. As gevolg van hierdie klein begin, en deur die oopoffering en swaar werk van diegene wat nou in die kerkhofjie daar anderkant slaap, het die Here die pogings van Sy getroue werkers gesêen, nie alleen in die Sambesi Unie nie, maar oor die ganse wêreld, totdat die liggie wat veertig jaar gelede hier aangesteek is so sterk geword het dat dit oor die hele aarde skyn.

As Broeders Tripp en Mead en Dr. Carmichael, en die ander afgestorwe broeders kon sien wat ons sien, sou hulle gewis die ewige God loof en besef dat hul oopoffering nie te vergeefs was nie, en dat „Hy wat kom, gou sal kom en nie versuum nie.” Aan diegene dus wat hierdie dag beleef sê ek met Josua, „Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die Here jou God is met jou, orals waar jy geen gaan.” Josua 1:9. Die God van

Israel lei hierdie volk, en al word ons soms omring deur mure van moeilikhed en al skyn dit of die riviere van benoudheid ons partykeer wil oorweldig, moet ons nogtans onthou dat die Here belowe het om met ons te wees tot die einde toe, en ons kan verseker wees dat ons „weé voorspoedig sal wees, en dat ons met goeie gevolg sal handel.”

Broeders, is dit nie nou tyd, na veertig jaar se werksaamhede, om ons aangesigte huiswaarts te keer en die Jordaan deur te gaan met die siele wat Hy ons gegee het as loon op ons arbeid nie? Ja, dit is hoog tyd en alles in die wêreld is klaar vir die laaste dag, behalwe die volk wat moet gereed wees om die Heiland te ontmoet as Hy kom. As ons so oor die wêreld kyk waar mense se harte beswyk van vrees, en as ons die spanning sien wat daar heers sodat niemand kan sê wat more sal gebeur nie; as ons die tekens van die koms van die Here sien vermenigvuldig en hoor van oorloë en gerugte van oorloë totdat daar geen hoop meer op vrede is nie; as ons die ryp oeslande sien wat wag op arbeiders; die duisende hoor roep om hulp en die tien duisende sien wat nog in duisternis en bygeloof verkeer, onvoorberei; en waar ons weet dat die enigste boodskap wat hoop aan hierdie siele kan bring die boodskap is wat ons liefhet, dan besef ons dat die enigste ding wat nog die koms van Jesus verhinder die onvervulde professie is dat die evangelie aan elke nasie en geslag en tong en volk moet verkondig word.

Ons staan vandag op die plek waar hierdie volk veertig jaar gelede die werk begin het om die Adventboodskap aan alle volke te verkondig. Sal dit nie paslik wees om onsself opnuut toe te wy aan die taak om die werk wat die baanbrekers in die Sambesi Unie op so 'n edele manier begin het te voltooi nie? Dit mag wees dat die Here wat dit goedgedink het om ons hoekie van die wêreldveld uit te kies om die verkondiging van die boodskap aan die heidene te begin, ons toewyding sal aanneem en 'n werk hier op Solusi aan die gang sal sit wat sal uitbrei tot die luidre geroep van die derde engel se boodskap wat die beweging hier in Afrika sal afsluit met die koms van die Here om ons huis-toe te neem.

Mag ons ons dus by hierdie byeenkoms voor God verootmoedig; mag ons deur selfverloëning en diens nader aan Hom kom en ons lewens toewy aan die een taak n.l. om die werk van God in hierdie veld te voltooi. Ons middele en werkragte is beperk, en uit 'n menslike oogpunt skyn die taak onmoontlik. Maar ons het 'n magtige God met onbeperkte middelle en alle krag; en wanneer ons, afhanglik van Hom, gewillig is om ons geheelenal aan Hom toe te wy, sal Hy ons aanneem, ons middele vermenigvuldig soos Hy die brode en visse vermenigvuldig het, en arbeiders uitstuur sodat die gerwe ingesamel kan word.

Die werk het met oopoffering begin—oopoffering soos ons dit nie vandag ken nie, en alleen name ons ons planne, onsself

en ons alles op 'n onbaatsugtige wyse oorgee aan ons Meester vir toegegewye diens, sal die boodskap, wat ons eerste hier veertig jaar gelede verkondig het, uitbrei tot die luidre geroep wat miljoene in die Sambesi Unie sal waarsku van die spoedige komst van die Heiland.

* * *

'n Brief van die Divisie President

GELIEFDE BROEDERS EN SUSTERS,

Dit is met gemengde gevoelens dat ek op 1 Maart van Durban vertrek het; gevoelens van blydskap oor die voorreg om Afrika te verteenwoordig op die aantstaande wêreldkonferensie, en gevoelens van droefheid omdat ek my dierbare moes agterlaat, saam met die groot huisgesin van God in Afrika, wat ek in alle oopregtheid leer liefkry het. Daar is bande wat ons harte saambind in hierdie salige geloof, en dit maak dus seer as ons vir 'n tyd van mekaar moet skei. Wees dus verseker geagte broeders en susters, dat ek aan julle dink en elke dag vir julle bid terwyl ek op weg is van Afrika na die wêreldkonferensie in die Verenigde State.

Op die konferensie sal ek die voorreg hê om u groete oor te bring aan die afgevaardigdes. Dit sal 'n geleentheid wees wanneer ek namens u kan sê, „Die Here het groot dinge vir ons gedoen, waaroer ons bly is.” Ja, ek sal 'n bemoedigende rapport kan voorlê aan die afgevaardigdes uit alle lande.

Toekomstige Branson ses jaar gelede sy rapport ingediend het, het ons 13,070 lede gehad, en nou, aan die einde van 1935 het ons 26,167. Dit beteken 'n wins van 13,097, en dat ons ons ledetal sedert die laaste wêreldkonferensie meer as verdubbel het. Dit is uitstekend en gee ons stof tot grote blydskap.

Wat die syfers vir die Bybelklasse betref vind ons dat waar ons ses jaar gelede 12,976 siele gehad het wat vir die doop voorberei het, het ons aan die einde van 1935, 28,162 siele in hierdie klasse. Dit toon 'n aanwinst van 15,186 Bybelklaslede oor daardie tydperk. As ons gedoopte lede sowel as Bybelklaslede saamreken dan het ons 'n totaal van 54,329 Sabbathouers vergeleke met 26,046 sese jaar gelede. Dit is 'n wonderbaarlike rekord nie waar nie? Die Adventgesin groei gewis baie vinnig aan in Afrika. Hierdie feite, en nog ander wat ek sal voorlê sal die konferensielede baie bemoedig.

Hoewel dit my groot vreugde sal gee om van die vooruitgang in Afrika te vertel, sal ek nogtans in die gees met u wees. Ek sal aan u dink en vir u bid. Dit mag wees dat dit die laaste wêreldkonferensie sal wees, wie weet? Hoe dit ook al sy, een ding weet ons, n.l., dat die einde baie nabig is. Ons lewe voorwaar in 'n benoude wêreld en die einde is vinnig aan kom. Ons twyfel gladnie daaraan nie dat daar verreikende veranderinge sal plaasvind in die wêreld voordat daar weer 'n wêreldkonferensie gehou word.

Hoe, en waar staan ons in hierdie betekenisvolle uur? Is ons lampe gereed en brandende? Is ons verlangende, biddende en wagtende vir die koms van die Here? Dink ons minder en minder van die wêreld, en word die waarheid al dierbaarder vir ons? Dit behoort die geval te wees. O, hoe treurig sal dit nie wees nie as die Here wanneer Hy kom ons soos die dwarse meisies slapende sal vind sonder olie in ons lampe. Mag die Here ons help om onder die verstandige meisies te wees:

Laat my ten slotte toe om u te verseker van my liefde, en gebede dat die Here u naby Hom mag hou terwyl ons geskei is deur die magtige oseaan. Ek weet u sal ook aan my dink. Die baie brieve van aanmoediging wat ek reeds ontvang het lewer bewys dat dit die geval is. Ek weet ook dat u sal bid dat die Gees van God ryklik op die Konferensie mag uitgestort word. In alle besluite wat ons neem wil ons net die wil van die Here doen. Laat ons dan saam bid dat dit die geval mag wees. Terwyl u vir my en die Konferensie bid, mag ek sê dat ek u ook daeliks sal gedenk voor die genade troon. Ek vertrou u dus aan Sy sorg toe totdat ons weer ontmoet.

„Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor Sy heerlikheid te stel met gejuig, aan die alleen wyse God, onse Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid. Amen.”

Getrou die Uwe in die salige hoop,
J. F. WRIGHT.



Bid en Luister

GEBED beteken nie om gedurig na God te gaan en iets te vra nie. Al wat dit is, is om ons harte tot God op te hef en te sê: „Here, wat wil U hê dat ek moet doen? Kan ek die gebed beantwoord van een van U kinders wat om iets bid? Here, ek behoort aan U. Kan ek U tot diens wees?”

Wie anders is daar wat kan help om die gebede te beantwoord van Gods kinders wat moeg is, en waarvan hul hemelse Vader alleen bewus is? Hulle mag 'n bietjie troos en bemoediging nodig hê; dit mag wees dat hulle bedruk voel en aan hul senuwees ly, en dat niemand verstaan nie. Kan ek hulle troos? Kan ek hulle help — miskien deur 'n kledingstuk, 'n brief, 'n glimlag, 'n besoek, 'n bos blomme, of die een of ander liefdegawe? O, hoe heerlik is dit om te kan help. God verhoor die gebede wat daeliks tot Hom opstryg.

'n Aantal sendelinge sou 'n sekere sendingsstasie besoek, maar die kosvoorraad daar was byna op. Wat moes die vrou van die sendeling aanvang? Daardie more in haar gebed het sy haar sorge op die Here gewerp. Voor tienuur het daar 'n vrag goed gekom wat net daardie dag aan die kus gearriever het, en daar was genoeg kos vir almal. Loof die Here, Hy verhoor gebed!

'n Moeder het vir haar seuntjie 'n broe-

kie gemaak — sy eerste broekie — maar sy het nie rek of knope gehad om daaraan te sit nie. Die seuntjie het gesê, „Mammie laat ons vir Jesus vra om dit te stuur, want ek wil die broekie so graag aantrek.” 'n Rukkie daarna het iemand 'n jaarts rek en 'n pakkie naalde gestuur. Vir ons wat omring is van winkels mag dit niks wees nie, maar vir hulle het dit baie beteken, en die gebed was nie te gering vir God om te verhoor nie. Hy het 'n dogtertjie gebruik om die goed te stuur.

Maak u oë toe en vra Hom nou: „Help ek om iemand se gebed te verhoor?”

Ek verwag dat God myne sal verhoor, en Hy is so goed vir my. Wat kan ek vir Hom doen?

Nehemia het tot God gebid (Neh. 2:4), en die Here het hom gehelp om sy eie gebed te antwoord. Hy het 'n plan gehad om op 'n lang reis vir die Here te gaan, en het gevoel dat daar geen tyd soos die teenwoordige was nie. Hy het die koning gevra om hom te help, en die koning het hom gehelp, maar dit was in antwoord op sy gebed, want die Here het alles so beskik. Nehemia het bewys dat as God ons roep sal Hy ons ook die krag, middede, en ondersteuning gee om die werk te doen. Daar mag beproewings en moeilikhede wees, maar as ons die Here in gebed beeteen, sal ons oorwin.

„Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborge is; en jou Vader wat in die verborge sien, sal jou in die openbaar vergelde.” Matt. 6:6.

Daar is te min mense wat 'n binnekamer het; gevoglik is daar geen openbare vergelding nie. Hierdie bevel van die Here moet deur elke Christen gehoorsaam word.

Let op, die „binnekamer” moet die wêreld daarbuite uitsluit; dit moet stil wees, en daar moet geen stoornis wees nie. Elk-een van ons kan so 'n plek hê — 'n be-

paalde, heilige plek, want daar kan mens van aangesig tot aangesig met „onse Vader” spreek. *Ingesluit met God.* Hoe neerbui-gend is God nie; watter groot voorreg gee Hy nie aan elke Christen nie.

„Sluit jou deur.” Gesluit teen indringers, omgewing en verstorings. Net *u en u Vader alleen*. Sittende in die skuilplek van die Allerhoogste om in die geheim te luister na die dinge wat 'n liefdevolle Vader aan Sy geliefde, soekende, gehoorsame kind te sê het. Hoeveel harte sal van pyn verlos word; hoeveel lewens sal pure sonskyn wees as daar maar elke dag na die binnekamer gegaan word nie!

Kaapse Veld

J. N. de Beer, Superintendent

Gedeeltelike Resultate van die Retreat Poging

B. W. ABNEY

Op Sondagaand, 6 Oktober 1936, het ek, bygestaan deur Broeders P. Jackson, Gold Theunissen, en Mej. Sutherland 'n reeks dienste op Retreat begin. Daar was 'n goeie opkoms van die begin af en met die tweede week was daar nie meer sítplek nie. Saterdae en Sondae om vyfuur was daar spesiale kinderdienste gehou deur Mej. Sutherland. Op sommige van hierdie dienste was daar partykeer tot 130 kinders teenwoordig, tot-dat daar naderhand teenstand gekom het.

Ons het met sterk teenstand te kampe gehad op Retreat, en partymaal op 'n manier wat ek nog nooit voorheen onder-vind het nie. Dog ten spyte van alles het die Here die poging met siele gesene. Op 16 Februarie was daar in die Wynberg kerk twaalf persone gedoop — elf van die Retreat poging en een van Wynberg. Daar is nog 'n hele paar ander wat belangstel en met wie ons nog besig is. Ons het op die oomblik 'n Sabbatskool met een-en-twintig lede op Retreat, en die vooruitsigte is goed.

Sommige van hierdie mense het uitge-staan ondanks kwaai teenstand. Helfte van haar huishuur elke maand was aan een van die persone aangebied as sy die boodskap sou verwerp en by haar ou kerk bly. Aan haar was ook 'n aantal kledingstukke gegee om haar weer terug te win, maar sy het die klere teruggestuur met die volgende boodskap: „Ek sal nie my siel vir 'n bondel klere verkoop nie.” Daar was ook 'n aanbod aan haar gemaak om alles wat sy van die kliniek mag nodig hê te koop en te betaal. Al hierdie aanbiedinge het gepaard gegaan met dreigemente van „hel en die verdoemenis” as sy nie tot in-keer kom nie. Verskillende ander het haar ook besoek met die doel om haar van die boodskap af te raai, maar dank die Here sy het die moed gehad om pal te staan. Toe hulle haar nie kon beweeg nie, het hulle haar uit haar werk ontslaan, maar

Versoek

As enige van die Kaap Konferensie lede die teenwoordige adres weet van die volgende persone wie se laaste adres hieronder gegee word, word hulle vriendelik versoek om dit te stuur aan die

**KAAP KONFERENSIE VAN
S. D. A.**

POSBUS 508

PORT ELIZABETH

Mev. C. H. Beukes, Touws Rivier.
Mnr. F. A. Dreyer, Tarkastad Dist.
Mev. N. Gou, Kimberley Dist.
Mev. M. Keyser, Port Elizabeth.
Lourentz Kritzinger, Stellenbosch of Nieuwelaats.
Mev. A. E. Mills, Klipdam.
Mev. Betty Seymour, Oos Londen en Engeland.

die volgende dag het die Here haar weer ander werk gegee met die Sabbat vry. Daar was baie harde woorde teen Sewendag Adventiste gespreek, maar dit het alles niks gebaa nie. Die man van die persoon van wie ons skrywe is 'n Indiër. Binnekort sal hy ook saam met sy vrou in die waarheid staan. Hy is van plan om na Durban te gaan om die boodskap aan sy familielede te bring.

Twee van die kandidate was predikante in hul vorige kerke. Hul vrouens het ook die boodskap aangeneem, en nou is hierdie twee gesinne baie gelukkig.

Laat ons ernstig bid vir hierdie mense dat hulle tot die einde toe getrou mag bly en ook ander tot die waarheid mag win.

Opvoedings Dept.

M. P. Robison, Sekretaris

Die Betekenis van Christelike Onderwys

G. E. SHANKEL

[DIE volgende artikel is die eerste van 'n reeks deur Broeder Shankel, oor die grondbeginsels van opvoeding. In die voorname reeks sal die vernaamste punte van die onderwerp behandel word. Op geen gebied van die lewe heers daar groter verwarring as huis in hierdie verband nie. As ons teen hierdie verwarring wil vrywaar wees moet ons versigtig wees om op 'n hegte fondament te bou.—RED.]

Die term „Christelike Onderwys“ is een waarmee alle Sewende-dag Adventiste goed bekend is. Dis 'n term wat vir eeue reeds gebruik is om 'n bepaalde soort opvoeding voor te stel in teenstelling met die populaire begrip van die opvoeding van ons dae. Presies wat bedoel ons deur Christelike onderwys? Ter verduideliking van hierdie term word daar drie boekdele van die gees van profesie bestee. Die boeke „Education,“ „Counsels to Teachers and Parents“ en „Fundamentals of Christian Education“ is van die grootste belang vir elke Sewende-dag Adventiste ouer. As die drie boeke gelees word, veral die eerste twee, dan sal die kerklede 'n beter begrip kry van die belangrikheid van hierdie soort opvoeding vir ons jongmense.

„Ware opvoeding beteken 'n kennis van die waarheid. Die boodskap van die derde engel is die waarheid.“—„Testimonies,“ Deel VI, bls. 131. Hieruit blyk die noue verband tussen die boodskap en ware opvoeding. In hierdie lig beskou is die behoorlike opvoeding van ons jeug net so belangrik as enige leerstelling. Dit vorm so 'n essensiële deel van ons boodskap dat dit die waarheid genoem word. Christelike opvoeding word op verskillende maniere gedefinieer. „Dit beteken die aanname van die beginsels van die leer van die Heiland, met die hart.“—„Counsels to Teachers and

Parents,“ bls. 936. „Ware Opvoeding omvat meer as net 'n sekere studiekursus. Dit is baie wyd. Dit omvat die harmonieuze ontwikkeling van al die liggamskrakte en die verstandelike vermoeëns. Dit leer ons om God lief te hê en te vrees, en dit maak ons bekwaam vir die getroue uitvoering van die lewenspligte.“—„Counsels to Teachers and Parents,“ bls. 64.

Christelike opvoeding omvat dus die leer van die waarheid in verband met die liggamslike, verstandelike, geestelike en praktiese lewe. So 'n opvoeding word inderdaad aan ons jongmense gegee in die gunstigste omgewing. „So 'n soort opvoeding maak voorsiening vir meer as slegs liggamslike ontwikkeling. Dit versterk die karakter sodat waarheid en oregtheid nie opgeoffer word aan selfsgutsigheid of wêreldlike ambisies nie. Dit versterk die hart teen bootheid. . . Elke beweegrede en begeerde word in ooreenstemming gebring met die beginsels van reg.“—„Education,“ bls. 18. Christelike opvoeding sluit elke fase van die lewe in. Dit is daarom dat so 'n opvoeding verkyk kan word alleen wanneer al die tyd van die studente gekontroleer en bestuur word. So 'n opvoeding kan met sukses tuis begin word en later voortgesit word in die skole volgens die patroon wat in die Gees van profesie aangedui word.

Ons skole het 'n hervormende invloed. Hulle is anders as ander skole, en moet altyd anders bly solank as ons voorgee om die Gees van God te gehoorsaam. Ek glo dat ons hoop vir die toekoms hierin geleë is, n.l. die aankwaking van die beginsels van Christelike onderwys by ons jongmense. 'n Sorgvuldige studie van Deel VI vanaf bladsy 129 sal ons onder 'n indruk bring van die spesiale aard van die werk wat op ons rus in hierdie tyd in verband met die behoorlike opvoeding van ons groot erfdeel — n.l. die jongmense.



Die Bestek van Ware Opvoeding

G. E. SHANKEL

IN ons eerste artikel het ons ingegaan op die betekenis van Christelike Onderwys. Ons sal vervolgens die bestek daarvan bespreek.

Daar is geen fase van die lewe wat nie inbegrepe is in ware opvoeding nie. Opvoeding is nie slegs kennis in 'n sekere rigting nie; intendeel behoort dit mens deeglik voor te berei vir die lewe in alle opsigte. Dit sluit ook ons boodskap in, want dit is 'n voorbereiding om die waarheid uit te leef; en vir alle oopregte ouers is die lewe meer as om slegs 'n bestaan te maak.

„Om die mens terug, in harmonie met God te bring, om hom op sedelike gebied so op te hef en te veredel dat hy weer die ewebeeld van sy Skepper kan weerkaats, dit is die groot doel van al die opvoeding en dissipline van die lewe.“—„Counsels to Teachers and Parents,“ bls. 49.

„Ware opvoeding omvat meer as 'n sekere

studiekursus. Dit is baie wyd. Dit omvat die harmonieuze ontwikkeling van al die liggamskrakte en verstandelike vermoeëns. Dit leer ons om God lief te hê en te vrees, en dit maak ons bekwaam vir die getroue uitvoering van die lewenspligte.“—„Counsels to Teachers and Parents,“ bls. 64.

So 'n ruime opvatting van opvoeding soos in hierdie twee aanhalings vervaat, sluit oneindig veel meer in as wat die beste openbare skole aanbied. „Ten einde te verstaan wat alles in die opvoedingswerk inbegrepe is, moet ons die aard van die mens, en die doel van God met sy skepping in ag neem . . . en ook die plan van God om nog Sy heerlike doel te bereik deur die opvoeding van die mens.“—„Education,“ bls. 14, 15.

Diegene wat hierdie dinge nie verstaan nie, is onbevoegd om ons jongmense op te voed. Hulle mag die jeug langs die nou paadjie van intellektualisme lei, maar omdat hulle onbekend is met die wyre betekenis van opvoeding kan hulle nie verwag word om selfs 'n deeltjie van die opvoeding te dek wat aan ons jongmense gegee moet word nie. Aan die ander kant gee die ware opvoeder 'n opvoeding wat so hoog as die hemel en so wyd as die heelal is, 'n opleiding wat aan die suksesvolle student sy paspoort besorg uit die voorbereidende skool op aarde na die hoërskool daarbo.“—„Education,“ bls. 19.

Die algemene beginsel hierboven genoem is veelomvattend. Dit sluit in 'n diepe kennis van die Woord van God en 'n deeglike begrip van die Gees van profesie. Dit vereis ook 'n praktiese kennis van dinge soos landbou, houtwerk, ens., vir die jongmans, en huishoudkunde, soos kleremaak en die kookkuns vir jongvrouens. Dit gee onderrig in die wetenskap van saligheid — die grootste van alle wetenskappe. Dit boesem die beginsels van ware karaktervorming by ons jongmense in; dit hou die hoëre ideale van Christelike manlikheid en vroulikheid aan hulle voor, en dit berei hulle voor om hul plek in die kerk en die samelewing met waardigheid te beklee. Dit lei hulle op om die mensheid te dien en nuwe hoop te bring aan diegene wat geen hoop meer het nie. Dit rus die student toe vir die diens in hierdie lewe en die lewe hiernamaals. Is so 'n ervenis nie die grootste oopoffering waardig nie, en is ons jongmense dit nie werd nie?



„Die groothed van God word gesien, nie alleen in die instandhouing van die wêrelde nie, maar ook in die sorg wat Hy dra vir selfs die kleinste dingetjies wat Hy geskape het. Nie 'n mossie word deur Hom verwaarloos nie; as een op die aarde val sien Hy dit. Selfs die hare van ons hoof is almal getel! Dit openbaar dat God alles omtrent ons weet. Hierdie gedagte troos nie eintlik loue en skynheilige navolgers van Christus nie, maar aan die kind van God bring dit vrede en verban dit alle onnodige kommer en sorg.“

African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON Editor
D. A. WEBSTER Asst. Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS
J. F. Wright President.
A. E. Nelson Treas. and Auditor
M. P. Robison Secy. and Ed. Secy.
L. L. Moffitt M. V. Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge Medical Secy.
F. E. Potter H. M. and Field Miss. Secy.
J. I. Robison Religious Liberty Secy.

General News

SISTER STEVENSON passed through Cape Town recently on her way to Angola to rejoin her husband after having paid a visit to her people in East London.

DR. A. N. TONGE has recently gone to the Malamulo Mission to help out in the medical department during the absence of Dr. Marcus on furlough.

ON March 11 Brother and Sister Bozarth and family left our shores on the S. S. "Chincha" for America on a much-needed furlough. We trust this visit to the States will be beneficial to them in every way.

ON March 29, at the home of her mother in Wynberg, Sister Jardine, a member of the Claremont church, passed to her rest. In the next issue an obituary will appear in our columns.

A REQUEST for special prayer has come to us on behalf of Mrs. M. Clark of Ladysmith, Natal. We solicit your interest in this matter of special prayer for Sister Clark during this time of her physical and spiritual need.

WE received word from the Zambesi Union Mission that the Solusi Mission dam is full of water. They are now putting in a pumping plant at the dam whereby the water will be carried nearer the mission homes.

BROTHER POTTER sailed on the R. M. S. "Stirling Castle," on March 13, for England, where he will pay a short visit to his father in Liverpool before proceeding to San Francisco to attend the General Conference. On March 24 on the S. S. "City of Paris" Brother and Sister Baker of Angola, and Brethren Nelson and Symons left for England *en route* to America where they will attend the General Conference.

NICE FURNISHED HOUSE TO LET. Select position—Claremont, Cape. Right at Bus Stop. Enquire promptly to "House," C/o Sentinel Publishing Co., Kenilworth, Cape.

Helderberg News Notes

A BAPTISMAL class of twelve members was organised on March 13.

MR. AND MRS. CHICK of Bulawayo spent a few days at the college recently.

MRS. BASTIAANS and her daughter, Mrs. Williams, spent a few days visiting Wesley recently.

BROTHER NELSON spent a few days recently auditing the books. While here he gave a number of helpful talks.

STANDARDS IX and X spent a day visiting Parliament last week. They report a very profitable day.

ELDER HITEN who has been ill with rheumatic fever during the past six weeks is now well on the road to recovery.

ELDER AND MRS. DAVY who have just returned from overseas furlough are spending a few days at the college with Arthur and Dorothy.

MR. AND MRS. ALLEN HAYWOOD, two of last year's graduates, spent a few days here before leaving for America where Mr. Heywood intends to begin the medical course.

PLANS are on foot for the building of a refrigeration chamber for the school kitchen. This will be some six by eight feet and will be large enough to hold large stocks of fresh fruits, milk, butter and other articles.

A VARIED and interesting programme was presented by members of the staff on the evening of March 1. A number of musical items, both vocal and instrumental, alternated with readings by Mrs. Shankel, Mrs. Clarke and Mr. Tarr. A large number of visitors were present.

DR. AND MRS. E. W. INGLE and family paid a short visit to the college just prior to their departure from Cape Town on an overseas trip. He expressed his satisfaction with the progress being made at the college. We appreciate the keen interest shown by Dr. and Mrs. Ingle not only in the progress of the institution materially but also in the young people who comprise the institution.

MISS ETHEL EDMED and Mrs. Edmed landed March 9 at Cape Town and proceeded immediately to Durban for a short visit with relatives. Miss Edmed will assume her duties as head of the Commercial Department at the beginning of the second quarter. This will complete the staff for 1936. For the first time for a number of years the teaching staff is now sufficiently large so that the teachers are not heavily overburdened.

A MIXED chorus of fifty voices has recently been organised. The chorus always furnishes a pleasant relaxation in the grind of school life. A special programme will be prepared for the end of school in the absence of the usual graduation exercise this year.



North Bantu Mission Field of Seventh-day Adventists (South Africa)

Change of Address

PLEASE note that the address of the above mission field office will be 43, Sack's Buildings, 23 Joubert Street, Johannesburg, Tvl., as from April 1, 1936.

A. A. PITTR.

Doodsberig

RAUTENBACH.—Beulah Marie Rautenbach, oud sestien maande, is verlede maand in die koorhospitaal op Johannesburg oorlede.

Broeder en Suster Rautenbach van Brakpan het pas teruggekeer van 'n besoek aan hul ouers in die Kaap toe Beulah skielik siek geword het. In die Oos-Randse Hospitaal het sy 'n operasie aan die keel ondergaan en is toe weer haastig na Johannesburg geneem waar sy oorlede is.

Die stoflike oorskot is in die Brakpanse kerkhof te ruste gelê waar die jong egaar nou al drie kindergraffies het.

Die lyksrede was gehou deur—
J. J. B. COMBRINCK.

Obituary

BEYERS.—Mrs. Rosina Maria Beyers of Athlone, Cape, passed away on Thursday afternoon, February 27, 1936. She was 54 years of age and for the last 25 years of her life she had lived in harmony with the spirit of the advent message.

Elders Theunissen and May brought the truth to her, and it became the strong hope that sustained her through long years of physical suffering.

She had a great many disappointments and heartaches, but never allowed these to cloud her face nor shake her faith, for she possessed remarkable faith. She did try to follow in her Master's footsteps. She supplied soup to people, gave clothes to needy ones, could be called from her home night and day to help in trouble and in sickness. In a lovely, simple way her life was a living expression of the Dorcas spirit, and her church and community will miss her. She was predeceased by her husband, William John Beyers, two years ago, and she leaves two sons and three daughters to mourn the loss of a good mother. Brethren P. van Eck, P. H. Mantell and W. Arnold assisted in the services at the church and grave-side.

ALF. G. KOHEN.